

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.



OFFISIELLE KOERANT

UITGAVE OP GESAC.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Wednesday, 1 March 1967

W I N D H O E K

Woensdag, 1 Maart 1967

No. 2771

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

PROCLAMATIONS:

- No. 31 (Republic) Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928: Annual Fee Payable by Medical Practitioners and Dentists to the South African Medical and Dental Council

PROKLAMASIES:

- (Republiek) Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928: Jaarlikse Bedrag Betaalbaar deur Geneeshere en Tandartse aan die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad

269

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 35 Municipality of Aus: Description of Location and Bantu Village
No. 36 Land and Agricultural Bank of South West Africa: Amendment of Staff Regulations
No. 37 Dairy Industry Control Ordinance, 1962: Designation of Analysts
No. 38 Dairy Industry Control Ordinance, 1962: Designation of Inspectors
No. R.2080/66 (Republic) The Old Age Pensions Act, 1962, The Blind Persons Act, 1962 and the Disabilities Grants Act, 1962: Regulations in Respect of Bantu in the Republic and Natives in South West Africa, Including the Caprivi Zipfel

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- No. 93 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Publication in Terms of Section 10 Ter
No. 94 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings
No. R. 132 (Republic) S.A. Railways: Sick Fund Regulations
No. 133 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person Prohibited from Attending Gatherings
No. R. 189 (Republic) Amendment to the Regulations for the South African Police
No. R. 196 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/93)
No. R. 206 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 2 (No. 2/32)

- Munisipaliteit Aus: Omskrywing van Lokasie en Inboorlingwoongebied

269

- Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika: Wysiging van Personeelregulasies

270

- Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962: Aanstelling van Ontleders

270

- Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962: Aanstelling van Inspekteurs

270

- (Republiek) Die Ouderdomspensioenwet, 1962, Die Wet op Blindes, 1962 en die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1962: Regulasies met Betrekking tot Bantoes in die Republiek en Naturelle in Suidwes-Afrika met inbegrip van die Caprivi Zipfel

271

- (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Afkondiging van Besonderhede Ingevolge Artikel 10 Ter

280

- (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone Verbied om Byeenkomste by te Woon

280

- (Republiek) S.A. Spoorweë: Siekefondsregulasies

281

- (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon Verbied om Byeenkomste by te Woon

281

- (Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie

281

- (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/93)

282

- (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 2 (No. 2/32)

282

GENERAL NOTICES:

- No. 20 Township Grootfontein (Extension 2): Proposed Establishment of

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- Dorp Grootfontein (Uitbreiding 2): Voorgestelde Stigting van

283

ADVERTISEMENTS:

- Estate Notices etc., etc.

ADVERTENSIES:

- Boedelkennisgewings ens., ens.

283

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF
SOUTH AFRICA.

No. 31 of 1967 (Republic).]

ANNUAL FEE PAYABLE BY MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS TO THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.

Under the powers vested in me by section 95 (2) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), I hereby authorise the South African Medical and Dental Council to prescribe a fee of ten rand which shall be paid annually to the said Council by every registered medical practitioner and dentist not later than the first day of July.

Where any registered medical practitioner or dentist fails or refuses to pay the said fee after due notice and within thirty days of the date of such notice, the Council may recover the said fee in the manner prescribed by the said section of the Act.

Proclamation No. 213 of 1952 is hereby repealed.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-fifth day of January One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
A. HERTZOG.

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA.

No. 31 van 1967 (Republiek).]

JAARLIKSE BEDRAG BETAALBAAR DEUR GENEESHERE EN TANDARTSE AAN DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 95 (2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), magtig ek die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad hierby om 'n bedrag van tien rand voor te skryf wat jaarliks, nie later as die eerste dag van Julie nie, aan genoemde Raad deur elke geregistreerde geneesheer en tandarts betaal moet word.

Wanneer enige geregistreerde geneesheer of tandarts, na behoorlike kennisgewing, in gebreke bly of weier om genoemde geld binne dertig dae na die datum van sodanige kennisgewing te betaal, kan die Raad sodanige geld verhaal op die wyse voorgeskryf by genoemde artikel van die Wet.

Proklamasie No. 213 van 1952 word hierby herroep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die Vyf-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
A. HERTZOG.

Government Notices.**Goewermentskennisgewings.**

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 35.]

[1 March 1967 No. 35.]

[1 Maart 1967

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND
DEVELOPMENT.

MUNICIPALITY OF AUS (S.W.A.)

DESCRIPTION OF LOCATION AND BANTU VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of section 2 (1) (a) and (b) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (No. 56 of 1951) (South West Africa), read with section 3 of the South West Africa Bantu Affairs Administration Act, 1954 (No. 56 of 1954), and section 2 of the South West Africa Native Affairs Administration Proclamation, 1958 (No. 119 of 1958), approved the defining, setting apart and laying out by the urban local authority of Aus, as a

DEPARTMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN
-ONTWIKKELING.

MUNISIPALITEIT VAN AUS: (S.W.A.)
OMSKRYWING VAN LOKASIE EN INBOORLING-
WOONGEBIED.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens artikel 2 (1) (a) en (b) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike gebiede, 1951 (No. 56 van 1951) (Suidwes-Afrika), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake in Suidwes-Afrika, 1954 (No. 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1958 (No. 119 van 1958), sy goedkeuring daarvan geheg dat die stedelike plaaslike bestuur van Aus

location and Native village, of a certain area of land, 58.6407 hectares in extent, being Portion 7 of the farm Aus Commonage No. 36 situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on a diagram approved by the Surveyor-general under No. A. 108/66.

'n sekere stuk grond 58.6407 hektaar groot, synde Gedelte 7 van die plaas Aus Dorpsgronde No. 36 geleë binne die regsgebied van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmetergeneaal onder No. A108/66 goedgekeur is, as 'n Lokasie en Inboorlingdorp bepaal, afsonder en aanlê.

No. 36.]

[1 March 1967]

**LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH WEST
AFRICA.**

STAFF REGULATIONS.

It is hereby notified that the Honourable the Administrator has in terms of Section 69 (b) of Proclamation No. 22 of 1935 approved of the amendment of the Subsistence Allowance provided for in Schedule A of Chapter VI of Government Notice No. 294 of 1953, by the substitution of the following therefor with effect from the 10th January, 1967:

- (a) In respect of officers and clerks and other European employees:

| <i>Salary</i> | <i>Daily rate</i> |
|---|-------------------|
| Up to R2,280 per annum | R3.10 |
| Over R2,280 to R3,840 per annum | R3.50 |
| R3,840 and over per annum | R4.00 |

- (b) In respect of Bantu and Coloureds:

Such rates as may from time to time be determined by the Board subject to the approval of the Honourable the Administrator.

No. 36.]

[1 Maart 1967]

**LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUIDWES-AFRIKA.
PERSONEELREGULASIES.**

Dit word hiermee bekendgemaak, dat Sy Edele die Administrateur ooreenkomsdig Artikel 69 (b) van Proklamasie No. 22 van 1935, goedgekeur het dat die verblyftoeplaes soos uiteengesit in Bylae A van Hoofstuk VI van Goewermentskennisgewing No. 294 van 1953, met die vervanging daarvan deur die volgende gewysig word met ingang vanaf 10 Januarie 1967:

- (a) Ten opsigte van beampies en klerke en ander Blanke werknemers:

| <i>Salaris</i> | <i>Dagskaal</i> |
|--|-----------------|
| Tot R2,280 per jaar | R3.10 |
| Oor R2,280 tot R3,840 per jaar | R3.50 |
| R3,840 en hoër per jaar | R4.00 |

- (b) Ten opsigte van Bantoes en kleurlinge:

Sodanige skaal as wat die Raad van tyd tot tyd bepaal onderhewig aan die goedkeuring van Sy Edele die Administrateur.

No. 37.]

[1 March 1967]

DESIGNATION OF ANALYSTS.

The Administrator has been pleased in terms of section 42 (1) (a) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962) to designate, with effect from the first day of March, 1967, the following persons as analysts to carry out microscopical, bacteriological, or analytical examinations under or for the purpose of any provision of the said ordinance:

Jacob Casper Kruger
Anna Wilhelmina Steyn

Government Notice 84 of the 1st June 1966 is hereby withdrawn.

No. 37.]

[1 Maart 1967]

AANSTELLING VAN ONTLEDERS.

Dit behaag die Administrateur om ingevolge artikel 42 (1) (a) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1962 (Ordonnansie 29 van 1962) die volgende persone met ingang van die eerste dag van Maart 1967 aan te stel as ontleders om mikroskopiese, bakteriologiese of analitiese ondersoeke ingevolge, of vir die doeleindes van, enige bepaling van die genoemde ordonnansie uit te voer:

Jacob Casper Kruger
Anna Wilhelmina Steyn

Goewermentskennisgewing 84 van 1 Junie 1966 word hierby herroep.

No. 38.]

[1 March 1967]

DESIGNATION OF INSPECTORS.

The Administrator has been pleased in terms of section 42 (1) (b) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962) to designate, with effect from the first day of March, 1967, the following persons as inspectors for the purpose of the said ordinance:

Lodewicus Jacobus Bruwer
Jacob Casper Kruger
Jacobus Marais
Casparus Johannes Geldenhuys
Anna Wilhelmina Steyn

Government Notice 83 of the 1st June 1966 is hereby withdrawn.

No. 38.]

[1 Maart 1967]

AANSTELLING VAN INSPEKTEURS.

Dit behaag die Administrateur om ingevolge artikel 42 (1) (b) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1962 (Ordonnansie 29 van 1962) die volgende persone aan te stel as inspekteurs vir die doeleindes van genoemde ordonnansie met ingang van die eerste dag van Maart 1967:

Lodewicus Jacobus Bruwer
Jacob Casper Kruger
Jacobus Marais
Casparus Johannes Geldenhuys
Anna Wilhelmina Steyn

Goewermentskennisgewing 83 van 1 Junie 1966 word hierby herroep.

No. R. 2080/66 (Republic).]

[23 December 1966]

REGULATIONS FRAMED UNDER THE OLD AGE PENSIONS ACT, 1962, THE BLIND PERSONS ACT, 1962, AND THE DISABILITY GRANTS ACT, 1962, IN RESPECT OF BANTU IN THE REPUBLIC AND NATIVES IN SOUTH WEST AFRICA, INCLUDING THE CAPRIVI ZIPFEL.

The Minister of Bantu Administration and Development, has in terms of —

- (a) section 22 (1) of the Old Age Pensions Act, 1962 (Act No. 38 of 1962), read with Proclamation No. 53 of 1963;
- (b) section 16 (1) of the Blind Persons Act, 1962 (Act No. 39 of 1962), read with Proclamation No. 54 of 1963;
- (c) section 26 (1) of the Disability Grants Act 1962 (Act No. 41 of 1962), read with Government Notice No. 453, dated 7th March, 1947;
- (d) the provisions referred to in paragraphs (a), (b) and (c), read with Proclamation No. R. 374 of 1966,

made the regulations contained in the Schedule hereto in respect of Bantu in the Republic and Natives in the territory of South West Africa, including the Caprivi Zipfel, and approved of the repeal of Government Notice No. 1996 of 1949.

SCHEDULE.

Definitions.

1. In these regulations, unless inconsistent with the context —

“applicant” means a Bantu who has applied for a pension or grant;

“authorised officer” means any officer of the public service to whom the Secretary has delegated the performance of any functions in terms of the Old Age Pensions Act, 1962, the Blind Persons Act, 1962, or the Disability Grants Act, 1962;

“grant” means a disability grant as defined in the Disability Grants Act, 1962;

“grantee” means a Bantu to whom a grant has been made;

“Minister” means the Minister of Bantu Administration and Development;

“pension” means a pension as defined in the Old Age Pensions Act 1962, or the Blind Persons Act, 1962;

“pensioner” means a Bantu who draws a pension;

“Secretary” means the Secretary for Bantu Administration and Development.

Applications.

(2) (1) Every application for a pension or grant shall be in writing substantially in the form prescribed in Annexure No. 1 and shall be completed and signed in duplicate original by the applicant in the presence of the authorised officer or his representative.

(2) An applicant shall furnish full particulars of his age, or his or his wife or customary union partner's income or any other fact which he is required to disclose on the form referred to in sub-regulation (1), together with such supporting evidence in regard thereto as may be required by the authorised officer: Provided that no applicant resident in South West Africa, including the Caprivi Zipfel, shall be required to furnish details in regard to a National Identity number, or the payment by him or by any other person of, or exemption from, any general or other tax.

(3) Every applicant for a blind persons pension or a grant, and every person in receipt of such pension or grant shall at the request of the authorised officer furnish him with a medical certificate substantially in the form prescribed in Annexure No. 2 in the case of an applicant for a blind persons pension, or in Annexure No. 3 in the case of a grant, duly completed and signed by a medical practitioner authorised to do so in terms of the relative Act or approved by the Secretary for the purpose.

No. R. 2080/66 (Republiek).]

[23 Desember 1966]

REGULASIES OPGESTEL KRAGTENS DIE OUDERDOMSPENSIOENWET, 1962, DIE WET OP BLINDES, 1962, EN DIE WET OP ONGESKIKTHEIDSTOELAES, 1962, MET BETREKKING TOT BANTOES IN DIE REPUBLIEK EN NATURELLE IN SUIDWES-AFRIKA MET INBEGRIJP VAN DIE CAPRIVI ZIPFEL.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, het kragtens —

- (a) artikel 22 (1) van die Ouderdomspensioenwet, 1962 (Wet No. 38 van 1962), gelees met Proklamasie No. 53 van 1963;
- (b) artikel 16 (1) van die Wet op Blinnes, 1962 (Wet No. 39 van 1962), gelees met Proklamasie No. 54 van 1963;
- (c) artikel 26 (1) van die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1962 (Wet No. 41 van 1962), gelees met Goewermentskennisgewing No. 453, gedateer 7 Maart 1947;
- (d) die bedinge in paragrawe (a), (b) en (c) vermeld, gelees met Proklamasie No. R. 374 van 1966,

die regulasies in die Bylae hiervan vervat ten opsigte van Bantoes in die Republiek en Naturelle in die gebied van Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Caprivi Zipfel, uitgevaardig en die herroeping van Goewermentskennisgewing No. 1996 van 1949, goedgekeur.

BYLAE.

Woordomskrywing.

1. In hierdie regulasies, tensy onbestand met die sinsverband, beteken —

„applicant” ’n Bantoe wat om ’n pensioen of toelae aansoek gedoen het;

„begiftigde” ’n Bantoe aan wie ’n toelae toegeken is; „gemagtigde beampete” enige beampete van die Staatsdiens aan wie die Sekretaris kragtens die Ouderdomspensioenwet, 1962, die Wet op Blinnes, 1962, of die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1962, die uitvoering van sekere funksies gedelegeer het;

„Minister” die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

„pensioen” ’n pensioen soos in die Ouderdomspensioenwet, 1962, of die Wet op Blinnes, 1962, omskryf;

„pensioentrekker” ’n Bantoe wat ’n pensioen trek;

„Sekretaris” die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

„toelae” ’n ongeskiktheidstoelaes soos in die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1962, omskryf.

Aansoeke.

2. (1) Elke aansoek om ’n pensioen of toelae moet skriftelik wees en wesenlik in die vorm voorgeskryf in Aanhengsel No. 1 en moet deur die applicant in oorspronklike tweevoud ingevul en onderteken word in die teenwoordigheid van die gemagtigde beampete of sy verteenwoordiger.

(2) ’n Applikant moet volle besonderhede van sy ouderdom, of sy vrou of gebruiklike verbindingsmetgeselsse inkomste, of enige ander feit wat hy ingevalle die vorm wat in subregulasie (1) vermeld word, verstrek, tesame met sodanige stawende bewyse in verband daar mee as wat deur die gemagtigde beampete vereis mag word: Met dien verstande dat van geen applicant wat in Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Caprivi Zipfel, woonagtig is vereis sal word om besonderhede van ’n persoonsnommer of die betaling deur hom, of deur enige ander persoon van of vrystelling van enige algemene of ander belasting te verstrek nie.

(3) Elke applikant om ’n pensioen vir blinde persone of ’n toelae, en elke persoon in ontvangs van sodanige pensioen of toelae, moet op versoek van die gemagtigde beampete hom voorsien van ’n doktersertifikaat, wesenlik in die vorm uiteengesit in Aanhengsel No. 2 in die geval van ’n applikant om ’n pensioen vir blinde persone, of in Aanhengsel No. 3 in die geval van ’n toelae, behoorlik ingevul en onderteken deur ’n mediese praktisyen wat ingevalle die betrokke Wet daartoe gemagtig is of wat vir dié doel deur die Sekretaris goedgekeur is.

Authorised Officers.

3. (1) An authorised officer shall in accordance with such instructions as may be issued from time to time in that regard by the Secretary —

- (a) receive all application forms and medical certificates lodged with him by an applicant for a pension or grant and datestamp each such form or certificate to indicate the date he received it, whereupon such date shall for all purposes be deemed to be the date on which application for the relevant pension or grant was made: Provided that an application for a blind persons pension or a grant shall be deemed not to have been made until the relative application form and medical certificate shall both have been lodged with the authorised officer;
- (b) maintain a record of all application forms for pensions or grants and any medical certificates lodged with him or transferred to him by any other authorised officer;
- (c) obtain such confirmation or proof of any fact relevant to the grant or refusal of any application as may seem to him to be material or as may be required by the Secretary;
- (d) as soon as may be practicable after refusing or granting any application for a pension or grant inform the applicant of his decision;
- (e) from time to time but at intervals of not less than six months review any pension or grant or demand the production of a further medical certificate from any grantee, or require proof that any pensioner or grantee is still alive;
- (f) arrange the transfer of any pensioner or grantee's record to any other authorised officer in whose area such pensioner or grantee has taken up his residence;
- (g) cancel or reduce the amount of any pension or grant if the circumstances of the pensioner or grantee are such as to disentitle him to payment at the rate previously approved;
- (h) furnish such information and copies of such documents relating to any pension or grant as may be required by the Secretary.

Payment of Pension or Grant.

4. (1) A pension or grant shall, subject to the provisions of sub-regulation (2), be payable only to the person to whom it was awarded, and may be paid bimonthly in arrear on such date and at such place as the authorised officer may determine.

(2) Whenever the authorised officer is satisfied that for any reason any pensioner or grantee is unable to attend in person at any place to receive payment of his pension or grant or that such attendance results in undue hardship to any infirm or physically disabled or mentally defective pensioner or grantee he may in such manner and in such form as the Secretary may direct, authorise payment of the pension or grant to some other person duly empowered thereto by such pensioner or grantee duly assisted, where necessary, by his lawful guardian or other person in whose care or custody he is.

(3) Notwithstanding the grant of any authority in terms of subregulation (2) the authorised officer may from time to time withhold payment of any pension or grant until the pensioner or grantee shall have appeared personally before him or shall have furnished such other proof of being alive as may be acceptable to the authorised officer.

Appeals.

5. (1) Any applicant for a pension or grant and any pensioner or grantee who is dissatisfied with any action or decision of the authorised officer and who desires to appeal to the Minister shall lodge with the authorised officer within ninety days of the date on which such action or decision came to the notice of such applicant, pensioner or grantee, a notice in writing setting out the action or decision appealed against and the reasons for his dissatisfaction.

Gemagtigde beampte.

- 3. (1) 'n Gemagtigde beampte moet ooreenkomsdig sodanige opdragte as wat van tyd tot tyd deur die Sekretaris in dié verband uitgereik word —
 - (a) alle aansoekvorms en doktersertifikate wat deur 'n applikant vir 'n pensioen of toelae by hom ingedien word, in ontvangs neem, en die datumstempel op elke sodanige vorm of sertifikaat plaas om die datum van indiening aan te dui, waarna sodanige datum vir alle doeleindes beskou moet word as synde die datum waarop aansoek om die verwante pensioen of toelae gedoen is: Met dien verstande dat geag word dat 'n aansoek om 'n pensioen vir blinde persone of 'n toelae nie gedoen is voordat die betrokke aansoekvorm en doktersertifikaat albei by die gemagtigde beampte ingedien is nie;
 - (b) 'n rekord van alle aansoeke om pensioene of toelaes en enige doktersertifikate wat by hom ingedien is of deur enige ander gemagtigde beampte na hom oorgeplaas is, in stand hou;
 - (c) sodanige bevestiging of bewys van enige feit in verband met die toekenning of weiering van enige aansoek te verkry, as wat deur hom as nodig geag word of deur die Sekretaris vereis mag word;
 - (d) sodra doenlik, nadat hy 'n aansoek om 'n pensioen of toelae goed- of afgekeur het, sy beslissing aan die applikant bekend maak;
 - (e) van tyd tot tyd, maar by tussenpose van nie minder as ses maande nie, enige pensioen of toelae hersien of vereis dat nog 'n doktersertifikaat van enige begiftigde voorgelê word, of bewys aanvra dat enige pensioentrekker of begiftigde nog lewe;
 - (f) die oorplasing van enige pensioentrekker of begiftigde se rekord na enige ander gemagtigde beampte in wie se gebied sodanige pensioentrekker of begiftigde sy intrek geneem het, reël;
 - (g) die bedrag van enige pensioen of toekenning kanselleer of verminder indien die omstandighede van die pensioentrekker of begiftigde sodanig is dat hy nie geregtig is op betaling teen die bedrag wat voorheen goedgekeur is nie;
 - (h) sodanige inligting of afskrifte van dokumente met betrekking tot enige pensioen of toelae verskaf as wat deur die Sekretaris aangevra mag word.

Betaling van pensioen of toelae.

4. (1) 'n Pensioen of toelae is, onderworpe aan die bepalings van subregulasie (2), betaalbaar alleenlik aan die persoon aan wie sodanige pensioen of toelae toegeken is, en mag tweemaandeliks agterstallig betaal word op sodanige datum en sodanige plek as wat die gemagtigde beampte bepaal.

(2) Wanneer die gemagtigde beampte tevrede is dat om watter rede ook al enige pensioentrekker of begiftigde nie persoonlik op enige plek teenwoordig kan wees om die betaling van sy pensioen of toelae in ontvangs te neem nie, of dat sodanige teenwoordigheid oormatige ontbering aan enige sieklike of ligaamlike of verstandelik ongeskikte pensioentrekker of begiftigde veroorsaak, kan hy op sodanige wyse en in sodanige vorm as wat die Sekretaris mag bepaal, magtiging verleen dat die pensioen of toelae betaal word aan 'n ander persoon, behoorlik deur sodanige pensioentrekker of begiftigde gemagtig, bygestaan waar nodig, deur sy wetlike voog of ander persoon in wie se sorg hy is.

(3) Ondanks enige magtiging kragtens subregulasie (2) verleen, kan die gemagtigde beampte van tyd tot tyd die betaling van enige pensioen of toelae terughou totdat die pensioentrekker of begiftigde persoonlik voor hom verskyn het, of sodanige ander bewys gelewer het dat hy nog lewe as wat vir die gemagtigde beampte aanneemlik mag wees.

Appellee.

5. (1) Enige applikant om 'n pensioen of toelae en enige pensioentrekker of begiftigde wat met enige oprede of beslissing van die gemagtigde beampte ontevrede is, en wat na die Minister wil appelleer, moet binne negentig dae vanaf die datum waarop sodanige optrede of beslissing onder die aandag van sodanige applikant, pensioentrekker of begiftigde gekom het, by die gemagtigde beampte 'n skriftelike kennisgewing indien wat die optrede of beslissing waarteen geappelleer word en die redes vir die ontevredeheid, uiteensit.



(2) An authorised officer with whom any notice of appeal is lodged as in sub-regulation (1) provided shall without undue delay, and after furnishing his comments thereon, transmit such notice for consideration by the Minister whose decision he shall convey in writing to the appellant immediately he is informed thereof.

(2) 'n Gemagtigde beamppte by wie enige kennisgewing van appèl ingevolge subregulasie (1) ingedien is, moet sonder onnodige vertraging en nadat hy sy kommentaar daarop gelewer het, sodanige kennisgewing vir oorweging na die Minister deurstuur, wie se beslissing hy, sodra hy daarvan verwittig is, skriftelik aan die appellant moet medeel.

Annexure/Aanhangsel No. 1.
B.A. 305.

Pension Number allotted
Pensioennommer toegewys

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT. DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN ONTWIKKELING.

| | | |
|--|--|--|
| <p>Date of receipt by Authorised Officer. Datum van ontvangs deur gemagtigde beamppte.</p>  <p>Official date stamp. Offisiële datumstempel.</p> | <p>For HEAD OFFICE use only. Vir gebruik deur HOOFKANTOOR.</p> | <p>Date of receipt in Head Office. Datum van ontvangs in Hoofkantoor.</p>  <p>Date stamp. Datumstempel.</p> |
| <p>Checked Ondersoek</p> <p>Examined Nagesien</p> <p>Type of Disease Tipe siekte</p> <p>% Disablement % Ongeskiktheid</p> | | |

APPLICATION FOR/AANSOEK OM:—

- * (a) { OLD AGE PENSION, in terms of Act No. 38 of 1962, as amended.
OUDERDOMSPENSIOEN, Kragtens Wet No. 38 van 1962, soos gewysig.
- * (b) { PENSION FOR BLIND PERSONS, in terms of Act No. 39 of 1962, as amended.
PENSIOEN VIR BLINDES, Kragtens Wet No. 39 van 1962, soos gewysig.
- * (c) { DISABILITY GRANTS, in terms of Act No. 41 of 1962, as amended.
ONGESKIKTHEIDSTOELAE, Kragtens Wet No. 41 van 1962, soos gewysig.

* (Delete whatever is not applicable/Skrap wat nie van toepassing is nie.)

TO THE BANTU AFFAIRS COMMISSIONER/MAGISTRATE,
AAN DIE BANTOESAKEKOMMISSARIS/LANDDROS,

I, the undersigned, hereby apply for a pension/grant as indicated above and furnish the following information:—
Ek, die ondergetekende, doen hierby aansoek om 'n pensioen/toelae soos hierbo aangedui en verstrek die volgende inligting:—

1. Full name (in block letters)
Volle naam (blokletters)
- National identity number
Persoonsnommer
- Race
Ras
2. Full Residential address
Volledige woonadres
3. Sex
Geslag
4. Ethnic Group
Etniese Groep
5. Date of birth, if possible, otherwise estimated age
Geboortedatum, indien moontlik, so nie geskatte ouderdom
6. Place of birth (name the place and country)
Geboorteplek (vermeld die plek en land)
7. Married, single, widower, widow or do you live together as man and wife
Getroud, ongetroud, wewenaar, weduwee of woon u saam as man en vrou
8. If married or living together as man and wife, full name and address of spouse
Indien getroud of saam woon as man en vrou, volle naam en adres van eggenoot of eggenote
9. Permanently resident at (place and country)
Permanent woonagtig te (plek en land)
- since
sedert
10. Have you resided elsewhere during the past 15 years
Het u gedurende afgelope 15 jaar elders gewoon
11. If so, state periods and names of countries
Indien wel, vermeld tydperke en name van lande
12. If a male, do you pay General Tax (quote tax identity No.)?
Indien 'n manspersoon, betaal u Algemene Belasting (vermeld belasting identiteitsnommer)?
13. If not, have you been legally exempted from payment of the tax? (quote exemption certificate No.)
Indien nie, is u wettiglik van betaling van belasting vrygestel? (vermeld nommer van vrystellingsertifikaat)
14. Have you or your spouse previously applied for any type of pension and with what result (quote date and place of application and reference No.)?
Het u of u eggenoot/eggenote tevore om enige tipe pensioen aansoek gedoen en wat was die uitslag (meld datum en plek van aansoek en verwysingsnommer)?
15. Are you resident in a city or town area?
Is u woonagtig in 'n stedelike- of dorpsgebied?
16. Are you a holder of an allotment of land in a Bantu, Trust or other area (give details)
Is u 'n houer van 'n perseel in 'n Bantoe Trust of ander gebied (verstrek besonderhede)?

17. By whom are you employed at present? ..
Wie is u teenswoordige werkewer?
18. How much are you earning monthly in cash and in kind? ..
Hoeveel verdien u maandeliks in kontant en in natura?
19. If you are no longer working, state reasons
As u nie meer werk nie meld waarom nie
20. By whom were you previously employed? (name and address)
Wie was u vorige werkewer? (naam en adres)

21. How much does your spouse or person with whom you are living together as man and wife earn in cash and in kind?
Hoeveel verdien u eggenoot/eggenote of persoon met wie u as man en vrou saamwoon in kontant en in natura?

22. Are you or your spouse or children in receipt of any other pension, allowance or moneys:
Ontvang u of u eggenoot/eggenote of kinders enige ander pensioen, toelae of gelde:

| (a) From the Government: Amount | Ref. No. |
|---|------------------|
| Van die Staat: Bedrag | Verwysingsnommer |
| (b) From other sources: From whom | Amount R |
| Uit ander bronre: Van wie | Bedrag R |
| (c) Post Office Savings Bank, Banks, Building Societies | |
| Posspaarbank, Banke, Bougenootskappe | |

23. Do you or your spouse own a house or other fixed property? If so, state:
Besit u of u eggenoot/eggenote 'n huis of enige ander vaste eiendom? Indien wel, meld:

| | |
|---|--|
| (i) Type of property | (ii) Unencumbered value |
| Tipe van eiendom | Onbelaste waarde |
| (iii) Total number of rooms | (iv) Number of rooms let |
| Totale aantal kamers | Aantal kamers verhuur |
| (v) Monthly rental derived therefrom | (vi) Monthly stand rent and rates payable |
| Maandelikse huur wat u invorder | Maandelikse standplaashuur en belasting betaalbaar |
| (vii) Monthly income of occupants not paying rents | |
| Maandelikse inkomste van huurders wat nie huur betaal nie | |
| (viii) Number of occupants not paying rent and reasons | |
| Aantal inwoners wat nie huur betaal nie, en redes | |

24. Do you or your spouse own any livestock or raise any crops? (State types and quantities)
Besit u of u eggenoot/eggenote enige lewende hawe of wen u enige oeste? (Meld soort en hoeveelhede)

25. What income not otherwise shown on this form are you or your spouse in receipt of?
Watter ander inkomste wat nie op die vorm voorkom nie, ontvang u of u eggenoot of eggenote?

26. Ability of applicant to contribute towards own support (if none, state reasons)
Vermoë van applikant om tot sy eie onderhoud by te dra (indien geen, verstrek redes)

27. Ability of spouse or person with whom you are living together as man and wife to contribute towards support of applicant
Vermoë van eggenoot/eggenote of persoon met wie u as man en vrou saamwoon om tot onderhoud van applikant by te dra

28. If spouse is unable to contribute, state reasons
Indien eggenoot/eggenote nie kan bydra nie, verstrek redes

I do solemnly declare that the foregoing statements are true and correct in every particular.
Ek verklaar plegtig dat die voorafgaande verklarings in alle besonderhede waar en juis is.

WITNESSES:

GETUIES:

Place ..
Plek ..
Date ..
Datum ..

Right thumb print
of applicant.

Regterduim afdruk
van applikant.

1. Certificate of confirmation by responsible person, e.g. location superintendent, social worker, farmer, chief, headman, etc.
(See Annexure "A").

Sertifikaat van bevestiging deur 'n verantwoordelike persoon, bv. lokasie-superintendent, sosiale werker, boer, kaptein, hoofman, ens. (Sien Bylae „A“).

2. I, the undersigned, hereby certify that I have personally examined the application of
Ek, die ondergetekende, sertifiseer hierby dat ek die aansoek van

, that the applicant, spouse of the applicant and dependants in the kraal or residence,
persoonlik ondersoek het, dat die applikant, die eggenoot/eggenote van die applikant en
appeared before me and that I am satisfied that the applicant qualifies for a pension/grant in terms of
afhanglikes in die kraal of woning voor my verskyn het en dat ek oortuig is dat die applikant geregtig is op 'n pensioen/
toelae ingevolge

* Act No. 38 of 1962, as amended/Wet No. 38 van 1962, soos gewysig,

* Act No. 39 of 1962, as amended/Wet No. 39 van 1962, soos gewysig,

* Act No. 41 of 1962, as amended/Wet No. 41 van 1962, soos gewysig.

and the Bantu Administration Code "Sosiale Hulpskemas", and that the applicant has been warned that any false statement made by him/her and recorded herein may lead to cancellation of the pension and the imposition of a fine or imprisonment or both. Furthermore, I am convinced that all means, circumstances and ability to contribute have been taken into consideration in allocating the amount.
merking geneem is.

Pension/grant awarded: Basic R .. Additional R .. Bonus R .. from .. 196 ..

Pensioen/toelae toegestaan: Basies .. Addisioneel .. Bonus .. vanaf ..

Date .. Signature ..

Datum .. Handtekening ..

Designation ..

Ampstiel ..

(Head or acting head of office only.)

(Hoof of waarnemende hoof van kantoor alleenlik.)

File/Lêer No.

(The information rendered in this form should be confirmed by a person who is conversant with the applicant's circumstances.)
 (Besonderhede op hierdie bylae verstrek moet bevestig word deur 'n persoon wat vertroude is met applikant se omstandighede.)

OFFICE OF THE BANTU AFFAIRS COMMISSIONER/MAGISTRATE,
KANTOOR VAN DIE BANTOESAKEKOMMISSARIS/LANDDROS,

TO

AAN
DEAR SIR/WAARDE HEER,

APPLICATION FOR A PENSION OR A DISABILITY GRANT.
AANSOEK OM PENSIOEN OF ONGESKIKTHEIDSTOELEAE.

Name/Naam
 National Identity Number/Persoonsnommer
 Kindly answer the undermentioned questions in connection with the above-named's application for a pension/grant.
 Geliewe onderstaande vrae te beantwoord in verband met bogenoemde se aansoek om 'n pensioen/toelae.
 Your co-operation will be appreciated.
 U samewerking sal op prys gestel word.

Yours faithfully/die uwe,

*Bantu Affairs Commissioner/Magistrate.
Bantoesakekommisaris/Landdros.*

(Delete whatever is not applicable.)
 (Skrap wat nie van toepassing is nie.)

1. Place and Country of Birth
 Plek en land van geboorte
2. Place and Country of Residence
 Plek en land waar woonagtig
3. Date from which resident there
 Van welke datum daar woonagtig
4. Marital state
 Huwelikstaat
 (State whether applicant lives together with someone as man and wife.)
 (Meld of applikant met iemand saamwoon as man en vrou.)
5. Earnings of applicant
 Verdienste van applikant
6. Does applicant receive rations; if so, furnish particulars
 Kry applikant rantsoene; indien ja, verstrek besonderhede
7. Earnings of spouse
 Verdienste van eggenoot/eggenote
8. Does applicant or spouse receive any other money?
 Ontvang applikant of eggenoot/eggenote enige ander geld?
 Amount/Bedrag R
9. Earnings of children
 Verdienste van kinders
10. Livestock of children
 Getalle vee van kinders
11. Monetary assistance by children
 Geldelike hulp deur kinders
12. Does spouse possess any property?
 Besit eggenoot/eggenote enige eiendom?
 (1) Type
 Tipe
 (2) Number of rooms
 Getal kamers
 (3) Number of rooms let
 Getal kamers verhuur
 (4) Monthly rental received
 Maandelikse huur ontvang
 (5) Stand rent payable
 Standplaashuur betaalbaar
13. Number of livestock possessed by applicant or spouse:—
 Hoeveel vee besit applikant of eggenoot/eggenote?
 (1) Cattle (3) Goats (5) Poultry (7) Donkeys
 Beeste Bokke Pluimvee Donkies
 (2) Sheep (4) Pigs (6) Horses Perde
 Skape Varke
14. Size of land husband/wife receive for tilling
 Grootte land wat eggenoot/eggenote kry om te bewerk
 and crop for the last year
 en oes vir afgelope jaar
15. Occupants of dwelling, village, or kraal and relationship to applicant; state sex and estimated ages
 Inwoners van huis, dorp of kraal en verwantskap met applikant; meld geslag en geskatte ouderdomme
16. If any other pensioners are resident in the kraal or dwelling, furnish their names and pension national identity numbers
 As daar enige ander pensioentrekkers in die kraal of huis woonagtig is, meld hulle name en pensioen persoonsnommers
17. What is the estimated age of the applicant?
 Wat skat u applikant se ouerdom?
 Are you of opinion that this applicant is entitled to a pension or grant? If so, state reasons. Any other remarks will be welcome.
 Is u van mening dat 'n pensioen of toelaag in hierdie geval geregtig is? Indien wel geliewe u redes te verstrek. Enige opmerkings sal verwelkom word.

Date
Datum

Signature or right thumbprint of responsible person.
Handtekening of regterduimafdruk van verantwoordelike persoon.

Annexure No. 2.

B.A. 234.

Right Thumb Print

STRICTLY PRIVATE AND CONFIDENTIAL.

District

EXAMINATION FOR ADMISSION TO REGISTER OF BLIND BANTU.

Name of Person Examined

National Identity No.

Sex Ethnic Group

Occupation at Present (if any)

Date of Birth (if possible), if not, Estimated Age

Previous Occupation (Specify)

Full Residential Address

1. History of Case.

- (a) Approximate age of onset of eye-trouble which led to blindness
- (b) Age at which applicant became blind

2. Cause of Eye-defects Found.

What in your opinion is the probable cause of applicant's eye condition?

If cataract, state when operable

Do you recommend surgical or medical treatment? Yes or No.....

Is applicant prepared to submit to such treatment?

NOTE — The answer to this question is required in order that such reliable information as is possible may be obtained as to the cause of blindness with a view to assisting in devising appropriate measures for its prevention. It is, therefore, of importance that great care should be taken in making this reply as accurate as possible. The chief causes of blindness may be classified under the following headings:—

- | | |
|---|---|
